kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Selfkennis"

Skriflesing: Lukas 18:9-14

"Know thyself."
— Socrates

"Know thyself? If I knew myself, I'd run away."
— Johann Wolfgang von Goethe

"He who knows others is wise; he who knows himself is enlightened."
— Lao Tzu

"Every man has forgotten who he is. One may understand the cosmos, but never the ego; the self is more distant than any star.
Thou shalt love the Lord thy God; but thou shalt not know thyself.
We are all under the same mental calamity; we have all forgotten our names. We have all forgotten what we really are. All that we call common sense and rationality and practicality and positivism only means that for certain dead levels of our life we forget that we have forgotten. All that we call spirit and art and ecstasy only means that for one awful moment we remember that we forget."
— G.K. Chesterton

◆◆◆

Lied 280

Here, Redder, groot en magtig,
U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade
het U ook ons hand kom vat.
Heer, u leiding bring bevryding
U het ook my hand kom vat.
U het ook my hand kom vat.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Broodjies vir die pad

"The Seven Social Sins are:

Wealth without work.
Pleasure without conscience.
Knowledge without character.
Commerce without morality.
Science without humanity.
Worship without sacrifice.
Politics without principle.

From a sermon given by Frederick Lewis Donaldson in Westminster Abbey, London, on March 20, 1925."

◆◆◆

Disobedient State

And I, my brothers dream
of a song for our state-
A song that will be like a house for the homeless
that will be like bread for the hungry
like justice for those who have been wronged-
A song like a table that has been spread
where you can set down
the bread and your glass
your fist, your elbows
your foreheads, your hope,
where you can set down
a vase of cold water with five red roses.
A song that will give birth to songs,
joy and trust,
a song that will be the child of our state,
a song that will hold our state under its arm…
A song that will help you
my brothers, to build happiness
a song that will make the world
more just more beautiful more strong
a song that will make the world free."

© Yiannis Ritsos

(Vertaling deur Eva Johanos)

◆◆◆

"The most common ego identifications have to do with possessions, the work you do, social status and recognition, knowledge and education, physical appearance, special abilities, relationships, person and family history, belief systems, and often nationalistic, racial, religious, and other collective identifications. None of these is you."
— Eckhart Tolle

◆◆◆

SA rolprent wen groot by Woodstock

Mariana Malan

Die Suid-Afrikaanse rolprent *Shepherds and Butchers* is bekroon met twee pryse by die Woodstock-rolprentfees in Amerika. Dit het die Maverick-prys gewen vir die beste verhaal en die Hasklell Wexler-prys vir die beste kinematografie.

Die pryse is die afgelope naweek toegeken. Dis die eerste keer dat ’n Suid-Afrikaanse rolprent hierdie pryse wen.

Die fees word reeds 16 jaar lank gehou en word beskou as een van die leidende onafhanklike rolprentfeeste in Amerika. Dit word gehou in die dorp waar die legendariese rockfees in 1969 gehou is. Verskeie kunstenaars en akteurs het al hier gewoon, onder andere Ethan Hawke, Lee Marvin, Uma Thurman, Chevy Chase, David Bowie, Van Morrison en Bob Dylan.

Shepherds and Butchers is in Augustus as deel van die Silwerskermfees in Kaapstad vertoon. Dit het nie om enige prys hier meegeding nie.

Die akteur Deon Lotz, wat die hoof van ’n tronk Pretoria vertolk, het by dié geleentheid gesê dis ’n baie emosionele rolprent oor hoe die doodstraf en die werk in die gevangenis mense emosioneel geknak het. Hulle het nooit die geleentheid gekry om die trauma te ontlont of berading te kry nie,

Die rolprent is gegrond op die ware gebeure van ’n 19-jarige tronkbewaarder, Leon Labuschagne (Garion Dowds), wat in 1987 sewe swart mans koelbloedig doodskiet. Hy het in die dodeselle gewerk waar 164 teregstellings in een jaar plaasgevind het.

Volgens Lotz laat die rolprent ’n hele nuwe gesprek oor die doodstraf begin.

Die regisseur van die rolprent is Oliver Schmitz, die vervaardigers Anant Singh en Brian Cox, wat ook die draaiboek geskryf het. In die rolverdeling is onder meer Dowds, Steve Coogan, Andrea Riseborough, Lotz, Robert Hobbs, Eduan van Jaarsveldt, Marcel van Heerden en Sylvia Mdunyelwa.

Shepherds and Butchers is reeds bekroon met pryse op rolprentfeeste in Berlyn, Sydney, Shanghai, Edinburg en Haifa. Dit word Vrydag 28 Oktober in Suid-Afrika uitgereik. Die rolprent is gebaseer op die roman deur Chris Marnewick.

http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/sa-rolprent-wen-groot-by-woodstock-20161018#

Brood vir die pad

Om te voel of jy dit ook gemaak het

Corné Koegelenberg

As kind was een van my gunstelingaktiwiteite om na die *corner café* te stap. Ek onthou hoe lekker dit vir my was. Hoe ek die huis omgedop het op soek na nog kleingeld wat rondlê, hoe ek nog ’n bietjie sakgeld uit die spaarvarkie gevat het en my maatjies gekry het en die pad gevat het.

Dit was so 30 minute se stap – genoeg tyd om ’n begroting uit te werk en te bereken wat jy kan en nie kan bekostig nie. Eerste prioriteit was iets souts om aan te peusel, gewoonlik ’n pakkie Simba-tjips. Daarna was dit koeldrank, want daai aartappelskyfies maak jou dors. Laaste, as daar geld oor was, was iets soets, soos ’n tjoklit of jellielekkers op die spyskaart.

Wat oorbly het ek bestee aan die loslekkers op die toonbank. Niks, absoluut niks geld mag saam teruggaan huis toe nie, dit word nie toegelaat nie.

Ek onthou hoe erg dit vir my was om so te moes uitwerk hoeveel items ek kon bekostig. Soms kon ek niks meer as ’n paar Wilson-toffies koop nie. Elke keer as ek vir die oom agter die kassa my bietjie geld gegee het, het ek myself belowe dat dit eendag anders gaan wees.

My ouers het net spaarsamig gelewe

My ambisies was eenvoudig: As ek grootword sou ek binne klipgooiafstand van ’n kafee bly, sodat ek sonder moeite net kon oorstap. Daar sou geen getel van munte wees nie, geen sommetjies om te kyk of ek Niknaks en ’n Steri Stumpie kan bekostig nie. Ek sou vat wat ek wou hê, en sonder om te vra wat die skade is, met ’n groot noot betaal. Dit was my mikpunt, dit was my droom.

As kind het ek ook vas geglo dat ons arm was. Ons het nie ’n swembad gehad nie, ek moes my broer se ou skoolklere erf en ons moes ons eie tamaties plant. Dis mos nie hoe ryk mense lewe nie, of hoe?

Eers as ’n grootmens het ek besef dat dit nie die geval was nie. Eintlik was ons finansiële situasie heel gesond. My ouers het maar net baie spaarsamig gelewe, iets wat ek en my spandeer-alles-by-die-kafee-houding nie kon begryp nie.

Ons het M-Net gehad, kon ten minste een keer per jaar met vakansie gaan en my ouers het my op die meeste van my verjaarsdae na die Spur geneem. Dis mos nie hoe arm mense lewe nie?

As student het my ambisies en doelwitte drasties verander. Ek het begin droom van ’n strandhuis in die Suid-Kaap, ’n kar wat meer as vier ratte het en om so baie geld te hê dat ek elke dag ’n splinternuwe onderbroek kan dra.

Ek besef nou dat ek seker nooit daar gaan uitkom nie. Die wêreld is ’n moeilike plek en die uitdagings raak by die dag meer. Ons moet dankbaar wees vir elke klein dingetjie wat ons het.

Dit laat my van voor af wonder: Wanneer is jy ryk en wanneer is jy arm? Ek is seker vir verskillende mense beteken ryk wees iets verskillend. Vir een persoon is kos op die tafel rykdom, vir ’n ander ou is ’n blikkie boeliebief ’n teken van armoede. So dis maar eintlik die droom, nie waar nie? Om ten minste net te voel of jy ryk is?

’n Mens sien ook nie meer regtig *corner cafés* nie, of ten minste nie in die ooste van Pretoria waar ek nou bly nie. Die naaste wat ek aan iets soortgelyks kan kom, is ’n vulstasiewinkel, ’n *quick stop* of *fresh stop* of wat ook al hulle dit noem. Maar hulle is nie regtig dieselfde nie, daar is nie loslekkers nie, geen poeiermuise of van daardie gesiggielekkers nie. Die oom agter die toonbank ken ook nie my naam nie en daar is nie ’n radio wat RSG speel nie.

Onlangs het ek by ’n nuwe woonstel ingetrek en hier is juis so ’n vulstasiewinkel oorkant die straat, klipgooi van ons af.

Ek gaan nie baie soontoe nie, maar soms, net soms, oorweeg ek dit om soontoe te stap. Dan sal ek begin by die tjipsrak en begin inlaai – Simba, Lays en sommer van daai *fancy* tjips wat in die blikke kom ook.

Daarna ’n paar blikkies koeldrank, enigiets van die klein blikkies tot die 2 liters, miskien ’n sappie of vier daarby. Laastens sal ek vir my ’n hand vol tjoklits vat, van Bar-Ones tot *slabs* met koekies in en ’n pakkie Jelly Tots, van daai grotes wat lank hou.

Ek sal dan na die *till* toe stap, en sonder om eers te vra wat die totaal is, met ’n groot noot betaal, net om te voel of ek dit óók gemaak het.

** Corné Koegelenberg is ’n produksiebestuurder in die TV-bedryf.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-te-voel-of-jy-dit-ook-gemaak-het-20161011

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877